

DIE VERPLEEGONDERWYSER — DIÉ INNOVATEUR?

Referaat gelewer by die simposium *Verpleging in die Jare Tagtig*,
aangebied by die Randse Afrikaanse Universiteit.

WILMA KOTZÉ

INLEIDING

Ons leef in 'n dinamies veranderende wêreld. Die landskappe van die gesondheidsberoep is in dié verband geen uitsondering nie. Dit is 'n haas onbegonne taak om op hoogte van al dié veranderinge te kom.

Die verpleegberoep beklee kragtens sy funksie in hierdie komplekse sisteem 'n sentrale posisie en word direk deur verandering in elke een van die subsisteme van gesondheidsdienslewering geraak. Dit is ongetwyfeld so dat talle van die probleemareas in die verpleegberoep teruggevoer kan word na onvermoë om verandering, en die betekenis daarvan vir verpleging, na waarde te oordeel of na weerstand om dit 'n treejtjie buite die veiligheid en knusheid van die ou weë te waag.

Dit is weliswaar so dat die sisteem van gesondheidsdienste self belangrike aanpassingspogings van die verpleegberoep oor lang tydperke ernstig gekortwiek het. Die onwilligheid van die sisteem om die verpleegberoep te ondersteun in sy strewes om professioneel en akademies sinvol te ontplooи, is 'n goeie voorbeeld hiervan. Sy eensame stryd het egter sonder twyfel tot die vasberadenheid en geslaagdheid van die verpleegberoep se pogings bygedra en meegehelp tot die ontwikkeling van sterk leiersfigure wat hul spreekwoofdelike man op hoevlak en in hoe geselskap kan staan.

'n Mens sou met 'n bietjie galgehumor kon sê — **ongelukkig** is die beroep deur vele doelbewus in sy ontwikkeling gedwarsboom . . . **gelukkig** het huis dit hom geleer om orent te kom, sy eie verkennings te doen, self 'n greep op die werklikheid te kry en eie vergesigte te ontwikkel.

Prof Dr W.J. Kotzé, BA(Verpl)(UP), MCur(Verpleegonderwys)(UP), MCur(Verpleegadministrasie)(UP), DCur(UP), GAV, GVV, GGV, VOND, VAdmin.

Hoof, Departement Verpleegkunde,
Universiteit van Port Elizabeth

SUMMARY

We exist in a dynamically changing world which requires that we are able to adapt.

The process of innovation is a complex one which must be approached scientifically and seen within the broad framework of the system as a whole. The ideal innovator is a person who has been scientifically prepared and has research ability. She must also be well-versed in and identify herself with the philosophy of the profession and the meaning of professionalism.

Successful innovation can however only result from a well co-ordinated team effort, directed by nurses who know what they are doing and can account for their approaches and actions.

En nou kom die vraag: wie is dié innovateur in die evolusie van die beroep? Die verpleegonderwyser? En die teenvraag kom onwillekeurig — is dit verantwoordbaar of moontlik om 'n eenvoudige antwoord op die vraag te gee, en dan antwoord die referent na ure van worsteling oor die vraag: daar is geen antwoord moontlik sonder grondige beredenering nie.

BEGRIPSVERHELDERING

Wanneer die begrip innovasie en sy verskillende verbuigings ter sprake kom, gaan dit volgens gesaghebbende bronne om veel meer as blote verandering. Dit gaan om **gekwalfiseerde** verandering —

- **Bosman, Van der Merwe en Hiemstra:** *Innovation* — “nuwigheid, verandering, afwyking”
- **HAT:** *Innovasie* — 1. Handeling van innoeर. 2. Verandering deur die invoering van 'n nuwigheid
Innoeर — 'n Verandering aanbring in iets wat gevestig is
- **Soule:** *Innovate* — Introduce novelties, make changes *Innovation* — 1. Change, introduction of novelty. 2. Novelty, radically new measure, violent departure from established precedent (WJK — beklemtoning.)
- **Webster:** *Innovation* — A change from established custom; a new thing or method
- **WAT:** Soos bo, plus die plantkundige vertolkung wat aan die begrip gegee word, naamlik:
Innovasie — By mosse — 'n takkie wat tot 'n nuwe plant kan ontwikkel deur-

dat 'n gedeelte van die moederplant daaragtter doodgaan — vernuwing-spruit

Innovasiespruit — Tak of spruit wat soms aan die basis van 'n plant ontstaan en tot 'n selfstandige plant kan ontwikkel

- **Soule:** Novel — New, strange, unusual, modern, recent, neoteric, fresh, uncommon, rare

Die begrip *innovateur* verskyn nog nie in die Afrikaanse Woordelys nie. *Innovator* (Engels) word verklaar as *invoerder van nuwighede, nieuligter, vernuwer*.

Uit hierdie vertolkings kom die volgende grondgedagtes dus na vore:

- verandering as vernuwing en wegbeveeg van die oue; invoer van 'n ongewone vernuwing;
- vernuwing wat selfs radikaal verskil van die gevestigde voorganger;
- vernuwing wat groei tot selfstandigheid, maar wat tog sy oorsprong aan die voorgaande te danke het.

DIE VERNUWERS IN DIE BEROEP

Die vraag wat beantwoord moet word, gaan om die bydrae van die verpleegonderwyser tot innovasie in die praktyk van die verpleegkundige — is die verpleegonderwyser die innovateur of dwing die snelveranderende praktyk die verpleegkundige tot innovasie, en, word die verpleegonderwyser eers van

nuwe tegnieke bewus nadat dit geruime tyd reeds in die praktyk geïmplementeer is en reeds in die literatuur verskyn het?

Verpleegpraktyk

Indien die bevindinge van die Subkomitee op Verpleging gedurende 1981 as maatstaf geneem word, naamlik dat die verpleegonderwyser in die RSA 'n gemiddelde van 12 minute per week in die kliniese veld deurbring; hoofsaaklik van die lesingmetode gebruik maak en by uitsondering by kliniese onderrig betrokke is, kan die verpleegonderwyser onmoontlik oor die algemeen as die invoerder van nuwighede in die kliniese veld van die verpleegpraktyk beskou word. Die verskynsels onderrig en leer, word deur die SA Raad op Verpleging voorgehou as omvattende begrippe wat op die terreine van die menslike kognitiewe, affektiewe en **psigomotoriese** afspel, as uitgangspunt. As dit hierby in berekening gebring word, dan moet ons tot die verontrustende gevoltageerde kom dat die verpleegonderwysers as groep in hierdie land nie tot die uitbou van die vak *Verpleegkunde* as totale begrip kan bydra nie.

Al drie die kognitiewe, affektiewe en psigomotoriese aspekte in hul vervlegdheid en dinamiese wisselwerking is die mees onmisbare bestanddele in die ontplooiing en diensbaarmaking van enige vak as wetenskap. Voeg hierby die feit dat die meerderheid verpleegdosente in Suid-Afrika slegs oor 'n 1-2 jarige nabasiiese diploma in verpleegonderwys beskik, wat hul slegs in 'n beperkte mate wetenskaplik vir hul onderwystaak kon voorberei en beslis minimaal vir navorsing. Die aanleer van 'n wetenskaplike werkwyse kom glad nie tot sy reg nie.

Dit sou egter onverantwoordelik wees om te beweer dat daar in Suid-Afrika geen verpleegonderwysers is wat as individue wel deeglik intellektueel, akademies en klinies toegerus en inderdaad besig is om 'n waardevolle bydrae tot vernuwing in die verpleegpraktyk te maak nie. Hier word verwys na die verpleeglektoraat by universiteite. Hierdie is individue vanuit die veld van die verpleegonderwys, maar wat stewig met die een voet in die onderwys en die ander in kliniese verpleegkunde gevestig is — 'n ontwikkelende *verpleegras* wat stadig maar seker met sy veroweringstog besig is, nie net in eie milieue, maar oor streeks-, provinsiale en

landsgrense heen. In die geskiedenis van die verpleegberoep, ook in Suid-Afrika, was daar altyd die enkeling-individue, leiersfigure, wat die weë van die beroep gerig het. Hierdie groep persone sal, namate die beroep akademies groei, groter word en 'n sterker rigting-gewende faktor in die evolusie van verpleegkunde in al sy vertakkinge word. Dit is van die uiterste belang dat die kliniese veld van verpleging sy regmatige deel van hierdie hoogsopgeleide (gewoonlik nagraads gekwalificeerde) persone behou in poste vir kliniese verpleegspesialiste.

Beleidbepalende vlak

Op beleidbepalende vlak het die verpleegonderwyser oor dekades heen aan die innovering in die beroep deelgeneem. Daar word hier spesifiek verwys na die deelname van verpleegonderwysers aan die aktiwiteit van organisering en regering van die beroep as lede van die Bestuur van die S.A. Verpleegsters-vereniging en raadslede van die S.A. Raad op Verpleging. Verpleegonderwysers wat op beleidbepalende vlak in hoofkantore van die gesondheidsowerhede en op bestuursvlak in hospitale funksioneer, het beslis ook 'n innovasie-taak en in sommige situasies word waardvolle vernuwingswerk uit hierdie oord inisieer en stimuleer. Die innovasie waarvan hier sprake is, hou direk verband met die ontwikkeling van die opvoedkundige beleid en verpleegkundeleergange deur die SARV en die implementering daarvan deur owerhede en skole gemoeid met die opleiding van verpleegkundiges.

Dit is egter belangrik om in gedagte te hou dat die innovasie wat vanuit hierdie oorde inisieer word, die kulminering is van die gesamentlike beraadslaginge, beredeneringe, beplanning en so meer, van 'n span kundiges wat verpleegingsadministrateurs en -klinici sowel as 'n klein getal nie-verpleegkundige persone vanuit ander belangvolde insluit. Dié innovasiebeweging wat uiteindelik tot vernuwing in die praktyk lei, het sy oorsprong dus wel deeglik in die veld van die verpleegonderwys.

In die toekoms, gaan verandering deur tegnologiese deurbrake soos die elektronika en toenemend gesofistikeerde rekenarisering, die biogenetika en ander meganiese skeppinge dikteer word. Die nuwe geslag verpleegkundiges — wat genadiglik 'n smaak en aanvoeling vir dié veeleisende tegnologie sal hê, en wetenskaplik/akademies

tot op nagraadse vlak voorberei is — sal egter die innovateurs van die praktyk van verpleging wees: die nuwe ras verpleegkundiges wat as wetenskaplikes in eie reg op hoë vlak sal funksioneer in die verpleegonderwys, in die kliniese verpleegkunde en in bestuursposisies. Hierdie praktisyne sal wetenskaplik toegerus en gereed wees, gerig op vernuwing en ontplooiing van die vak verpleegkunde.

PERSPEKTIEF

Wetenskaplike proses

Die proses van vernuwing (die identifisering van die behoefte daaraan; die beplanning met die stel van doelstellings, prioriteite, strategieë en aksieplanne, die skep van innovasie-en evalueringsinstrumente, die voorbereiding van veldwerkers, en so meer binne die perke van beskikbare fondse, faciliteite en personeel; en die sistematiese in werkingstelling van die vernuwingssprogram) is 'n ingewikkeld saak, verg tyd en baie gesamentlike pogings om te slaag. Vir dié rede is innovasie, in die betekenis daarvan as *ingrypende vernuwing*, duur.

Indien die verpleegpraktyk effekief in diens van die gemeenskap as deelwetenskap in die gesondheidsry wil bly voortbestaan, is daar geen regverdiging vir ontduiking of ontvlugting van die werklikheid dat verandering, ontwikkeling en groei noodsaklik is nie. **Dit mag egter nie gaan om innovasie bloot ter wille van innovasie nie**, maar altyd om innovasie of vernuwing ter wille van die bereiking van hoë doelstellings soos groter produktiwiteit, verhoogde dienseffektiwiteit, beter koste-effektiwiteit, ensovoorts.

Ad hoc, gefragmenteerde, intermitterende, sporadiese vernuwingsstruiks om plaaslike probleemsituasies probeer-en-tref-gewys op te los, word dikwels bloot as truks afgemaak, kan as sisteemontwrigtend en vreemd beleef word en tot weerstand teen verandering aanleiding gee. (Daar is werlik nijs meer uitputtend as 'n hiperaktiewe persoon met te veel Kwasi-vindingrykheid, wat alles in trurat wil terugskakel nie!)

Tensy innovasie wetenskaplik aangepak kan word, met oorweging van 'n probleemarea binne die breë raamwerk van en met die samewerking van die persone in die sisteem waarvan dit deel is, moet dit vermy word. Ander noodsaaklike bestanddele vir suksesvolle

vernuwing is genoegsame fondse en faciliteite, asook 'n span *veldwerk*ers wat positief ingestel, vinnig van begrip, kreatief en selfstandigfunksioneerend is. Bestuursvernuf by die spanleiers en innovateur is eweneens noodsaklik, en les bes die belangstelling en begeerte by die *massa* en ander professionele lede van die gesondheidspan om betrokke te raak vanuit die oortuiging dat die vernuwing belangrik, selfs oorlewingsbelangrik is.

Die innovateur

Al hierdie aspekte is van belang wanneer vereistes met betrekking tot die kundigheid en persoonlikheid van die innovateur oorweeg word. Dit is duidelik dat die bes voorbereide innovateur deur die breë en in-diepte-skoling van nagraadse voorbereiding gelewer sal word. Die aangewese innovateur behoort uit dié oogpunt gesien, dus nie noodwendig die verpleegonderwyser te wees nie, maar die wetenskaplike gevormde en navorsingsbevoegde persoon.

Waarom die sterk beklemtoning van wetenskaplikeheid? Nie net omdat dié persoon in staat sal wees tot sistematiese, ordelike situasie-analise en probleemidentifisering, beplanning en inwerkstelling van die vernuwing nie, maar ook omdat so 'n persoon die belangrike grondwerk sal kan doen wat alle vakontwikkeling voorafgaan. naamlik die konseptualisering van teorierevorming wat die proses van vernuwing in sy totaliteit sal rig.

Dit is in dié verband dat professor Dorothy Johnson van die University of California, Los Angeles, die volgende opmerk:

The scientist in nursing also faces the exciting challenge of influencing nursing's direction and progress as a profession and a scientific discipline. Purposeful and goal-directed development of the theoretical knowledge of an emerging profession is a rare opportunity and one to be cherished all the more because of its unusual demands. (Chaska, 1978, p. 214)

Dit spreek vanself dat so 'n persoon — wat ook grondig in die filosofie van die beroep; in 'n mens-, lewens- en wêrldbeskouing; asook die inhoud van professionaliteit en professionele betrokkenheid geskool is, en haar daarmee identifiseer — die ontplooiing van die vak Verpleegkunde nie net uit 'n vakkundige oogpunt nie, maar ook uit 'n professioneel-etiese oogpunt tot sy reg sal laat kom.

SAMEVATTING

Wanneer innovasie of vernuwing ter sprake kom, moet dit nuter oorweeg en in verhouding tot die totaal van die sinvolle ontplooiing en evolusie van verpleging as oerverskynsel in 'n ewigeranderende wêreld gesien word. Wat belangrik is, is om die antwoord te ken op dié vraag: Waarheen is ons op pad?

- na groter selfstandigheid en praktyk-beoefening?
- na groter effektiwiteit en steeds groter professionele selfregulerung, selfrigtinggewing en selfhandhawing in die omvattende diensleveringsstelsel in die RSA?
- na vakkundigheid waarin verpleegkunde as wetenskap so volledig moontlik verantwoord en ontplooibar is?

Wanneer die verpleegkundige in die veld van praktyk in Suid-Afrika ontwaak, en haar in die mate waarin die beroep dit benodig voorberei vir deelname aan die vakkundige ontwikkeling van die verskillende kliniese verpleegrigtings, gaan deelname aan innovasie of vernuwing 'n daagliks taak word. Innovasie, indien dit reg aangepak word, is 'n te groot taak vir die enkeling. Bowendien kan een persoon nooit die bydraes wat uit veelvuldige gesigspunte voortvloeи, ewenaar nie. Dit benodig 'n gesamentlike poging onder die ferme, dog demokratiese, leierskap van 'n kundige professionele persoon.

Ten slotte word die volgende vir oorweging voorgehou uit die voortreflike artikel van M. Colleen Stainton onder die titel *The birth of nursing science in The Canadian Nurse* van November 1982, want dit is waarom dit gaan — die ontwikkeling van verpleegkunde as wetenskap.

Developmental requirements

Future growth depends on an environment which provides consistency, love, stimulation and nourishment. These basic needs can be met by:

- perception of nursing as a developing science . . .
- a sense of the significance of each nurse's contribution each day, be it in science, education, administration and/or research and a concomitant commitment to excellence in each nursing activity
- a cadre of nurse scientists prepared at the doctoral level who can generate theory and test it in nursing practice

- the conceptualization of nursing as a science based on knowledge . . .
- nursing research teams . . .
- monies allocated for the development of nursing science . . .
- the introduction of nursing science to science in general. Publication in other than nursing journals is imperative to provide nursing science with the credibility it requires for further utilization and funding . . .
- nursing education at all levels of career development fostering creative and courageous thinkers . . .
- an individual goal of professionhood . . . includes . . . three personal objectives: doing one's utmost, certainty about the social significance of nursing and a sense of collegiality and collectivity
- an expectation that one day a nurse will be the recipient of the Nobel Prize for excellence in contributing to science

En dan kom professor Stainton tot die gevolgtrekking:

Nursing science can change science, education and health care policy, thus improving the health-illness experiences around the world. Nurse scientists will need the ability to scrutinize, conceptualize, criticize, analyze, synthesize and verbalize. Nursing science will have a forceful impact on health care . . . Nursing science can be the unifying force of nursing itself . . . (Stainton, 1982, pp. 27, 28)

Daar bestaan geen twyfel nie dat suksesvolle innovasie in die komplekse diensleveringsomgewing waarin ons werk alleen maar die resultaat van goedgekoördineerde en -beplande spanwerk kan wees en dat grondige wetenskaplike voorbereiding nodig is om werklik verantwoordbaar te kan bydra tot innovasie of vernuwing as sinvolle deel van die evolusie van die verpleegberoep.

Dit is nie van belang uit watter arbeidsveld die innovateur kom nie. Wat wel van deurslaggewende belang is, is dat die evolusie van die beroep gerig sal word deur verpleegkundiges wat weet wat hulle doen en hul benaderinge en werkwyse wetenskaplike kan verantwoord.

BRONNELYS

1. Chaska, Norma C. (1978). *The nursing profession*. McGraw-Hill. New York.
2. Stainton, M. Colleen. (1982). The birth of nursing science. *The Canadian Nurse*. November 1982. pp. 24-28.